Oesterbaai Instandhoudingsprojekte
Fondse benodig

1. Inleiding
   Na aanleiding van die Oesterbaai Inwonersvereniging (OIV) se interaksie met Kouga Munisipaliteit rakende IDP, is verskeie versoeke vir befondsing in die Kouga-begroting ingesluit. Kouga Munisipaliteit het Oesterbaai oor die afgelope paar jaar baie goed ondersteun ten opsigte van dienslewering waarvan die volgende goeie voorbeelde is:
   - Drinkwaterkapasiteit is verhoog met twee nuwe, sterker boorgate wat toegerus is met pompe om water na die reservoir te pomp.
   - Grondpaaie in die dorp is opgegradeer en is tans in 'n baie goeie toestand. Dit sluit Umzamowethu in.
   - Hulle het OIV met befondsing en masjinerie ondersteun sodat instandhouding gedoen kon word. Die aankoop van plante om die voorbereide gebied te beplant kan nou afgehandel word en die plantery behoort binnekort te begin.
   - Die vullisterrein word gereeld volgens 'n skedule gediens en nuwe asblikke is aan huishoudings voorsien.
   - Sypaadjies word gereeld gesny en tuinafval word gereeld met 'n trok verwyder.

2. Agtergrond van behoeftes waaraan nog voldoen moet word
   Daar is egter nog verskeie behoeftes wat Kouga Munisipaliteit moeilik vind om aan te voldoen. Die onderstaande lys is 'n redelike weergawe van wat OIV elke jaar self moet probeer doen.

Item	Beskrywing	Bedrag
1.	Kommunikasie-dokumente en reëlings vir jaareind-funksies	R5 000
2.	Benodigdhede vir padinstandhouding: sement en gruis.	R9 000
3.	Benodigdhede vir die herstel van traprelings en padtekens: behandelde pale, padtekens en skroewe.	R2 000
4.	Gereedskap: saaglemme, harke, grawe, ens.	R2 000
5.	Arbeid: Twee mans vir ten minste 60 dae teen R250 per dag. Baie take om te verrig.	R30 000
6.	Huur van TLB vir 4 volle dae om sand te verskuif en ander groter projekte.	R16 000
7.	Ander onvoorsiene behoeftes.	R5 000
8.	Totaal	R69 000

   OIV benodig hierdie fondse om bogenoemde take te verrig. Die lidmaatsapgeld van R50 per person beloop slegs R12 000 bereken teen 'n gemiddeld van 60 persone. Ons benodig dus nog R57 000. Teen R200 per huishouding kan ons hierdie koste maklik dek mits elke huishouding bydra.

3. Versoek vir lidmaatskap by OIV en bydraes vir instandhouding
   Ons versoek dat alle huiseienaars en selfs gereelde vakansiegangers by OIV aansluit teen R50 per persoon asook 'n R200-bydrae per huishouding tot die instandhoudingsfonds maak sodat OIV die instandhoudingswerk kan verrig wat Kouga Munisipaliteit moeilik vind om uit te voer.

   Bankbesonderhede: Naam: Oesterbaai Inwonersvereniging. Bank: ABSA. Tak: 632005. Rekeningnommer: 4052178885. Verwysing: Voorletters en van plus erfnommer indien van toepassing.

   Baie dankie.

   Oesterbaai Inwonersvereniging